

# Tafelberg

## Jesaja 6:1-8

### Inleiding

- Tafelberg.
  - Dis moeilik om te beskryf hoe fassinerend hierdie enorme blok klip is, so in die middel van die platheid van die Kaapse vlakte.
  - Die berg het baie mense se aandag al aangegryp:
    - Gediggies en liedjies is geskryf oor die berg.
    - Honderde duisende toeriste besoek dit jaarliks.
    - En die berg is te sien op al wat 'n Suid-Afrikaanse poskaart is.
- Maar party dae, is die berg toe onder die mis.
  - So toe dat, as jy in daardie rigting kyk jy jousef moeilik kan verbeel daar is hierdie kolossale fassinerende berg.
  - En die slag as die week se slegte weer verby is en die mis is weg...
    - verwonder jy jousef weer van voor af oor die berg wat nog die hele tyd daar was
    - – of jy dit nou kon sien of nie.
- Jesaja 6 wat ons gaan lees,
  - is die wind wat die mis rondom God vir 'n oomblik vir ons kom wegwaai.
  - Soms is ons perspektief op God mistig,
    - soms is die mis so dig dat ons Hom glad nie kan sien nie...
    - en dan kan ons ook soveel van onself nie verstaan nie.
  - Maar as ons Hom sien vir wie Hy is,
    - Kry ons nuwe rigting en verander Hy ons.

- En hierdie verandering is nodig
  - want selfs Christene verloor soms hierdie kraakvarsduidelikheid oor God en hulle roeping.
  - Soveel mense in Vanderbijl lewe maar net
  - En die drama's in ons land vertel van frustrasie wat wil oorkook.
- Ek glo soos ons deur Jesaja 6 gesels, kom hierdie perspektief op God wat ons nodig het...
  - Op onself wat nodig is...
  - En dan kan ons verander soos nodig is.
- [Lees Jes. 6:1-8]

## **Agtergrond**

- In Jesaja 6:1 hoor ons dat koning Ussia pas dood is
  - na 52 jr. se koningskap in Juda.
  - Die land het onder hom floreer [vgl. 2 Kron. 26].
    - Hy het infrastruktuur ontwikkeling gedoen v6,10
    - Nasionale sekuriteit bevorder v6,9,10
    - Internasionale beleid ingevoer tot ekonomiese voordeel v Juda v8
  - Klink soos 'n droom president!
- As daar koerante daardie tyd was,
  - sou voorblad opskrifte na hierdie effektiewe en produktiewe leier se dood iets gesê het soos: "Is daar hoop sonder Ussia!".
  - En wat die krisis groter gemaak het, was dat Assirië, die aartsvyand, al hoe meer gedreig het om Juda in te val.

- En boonop het hierdie voorspoed die samelewing sleg gemaak.
  - Jes 1:21-23 sê die getroue stad het 'n ontrou slet geword.
  - Die leiers is kop in een mus met die diewe.
  - Versot op korrupsie.
  - Skeep die armstes van die armes af.
    - Klink amper soos Suid-Afrika vandag.
- Sien, nie net Ussia is dood nie,
  - die land se voorspoed en sekuriteit en kans vir morele omdraai... is saam met hom die graf in.
  - Die mis het oor die berg gaan lê... en hoop vir almal het verdwyn.
- En dís wat vers 1 sy trefkrag gee:
  - “In die jaar van Koning Ussia se dood... het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit en die onderste van sy kleed het die tempel gevul”.

## **Liggaam**

- Ussia is nou 'n verrottende lyk vol wurms
  - Die lewende Here van die hemelse weermag is paraat.
  - Mense gaan dood, maar God lewe.
- Ussia was 'n koning
  - maar ons sien hier wie sit eintlik op die troon.
  - Wanneer lande se presidente en 1ste ministers nie meer is nie...sit God nog op die troon.
- Vroeër in Ussia se lewe het hy ook soos 'n priester probeer offer in die tempel [2Kron26v16]...
  - maar dit is God wat nou die tempel volmaak – en daarvoor gebruik hy maar net die soom van sy kleed.

- Om God só te sien laat die mis vir Jesaja weggewaai.
  - Hy sien God agter die skerms,
  - onwrikbaar meer in beheer as wat enigiemand vermoed het.
  - 'n Uitermate meer indrukwekkende koning as Ussia.
  
- Dan sien ons meer...
  
- By Hom was 6-vlerkige engele.
  - En selfs hierdie sondelose engele maak hulle gesigte toe want hulle kan net nie na God se glorie kyk nie.
  - En hulle maak hulle voete toe as gebaar van onwaardigheid.
    - Ek dink baie mense is heeltemal te mak oor God.
    - Soos mense wat in Kaapstad bly en nie eintlik eers meer Tafelberg raaksien nie
  
  - En hoor dan wat het hierdie Engele te sê:
    - “Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.”
      - Die Een wat alles kan doen,
      - is absoluut uniek en volmaak en perfek
      - – en elke atoom en sel van die skepping straal dit uit.
    - En hulle skree dit heeltyd vir mekaar.
      - Asof dit elke keer nuwe nuus is waaroor hulle nie kan kom nie.
      - So hard dat alles rammel.
      - Dit laat my dink aan die ouens in die Heineken advertensie wat vir mekaar skree oor hulle so opgewonde is oor die bier – behalwe hierdie is net in 'n totaal ander liga.
  - Ons simpel mense skree so oor bier of skoene.

- En vir ons... is God baie keer sommer maar net 'n konsep in jou kop
  - waarom ons maklik praat asof ons oor verlede week sê weer praat.
- Wanneer mense hierdie sin van half skrikkerige bewondering oor God verloor,
  - word 'n skurwe grap maar net 'n grap.
  - Vuil taal maar net nog woorde
  - 'n Omkoop R100 net nog 'n R100
  - iemand wat jy kon gehelp het,
    - is maar net iemand wat nou deur iemand anders gehelp moet word.
  - kerk word maar net kerk,
  - Bybel lees as gesin word iets wat jou ouma-hulle gedoen het
  - en sing word maar net sing,
  - die Bybel word maar net die Bybel,
  - ander Christene word maar net ander Christene.
- Maar die Engele verstaan dat selfs hulle beslis onwaardig is voor God nie....
  - en al waarom hulle gesprek en bestaan gaan ...
  - Is God se glorie
- En dit is presies wat Jesaja ook nou tussen die oë tref.
  - Amper soos wat jou klere vuil is sonder dat jy eintlik daarvan bewus is,
  - maar dan stap jy skielik in 'n vertrek in met helder lig en kom dan agter: “Eish, kyk hoe lyk **ek!**”
- Hopelik kom jy nou deur die oë van Jesaja hier agter
  - dat jy nes hy behoort te reageer op God.
  - “Ek is nie net in die moeilikheid nie... dis eintlik al klaar, klaar met my...”

- Dis enige mens se reaksie wat maar vir 'n oomblik iets insien van God se glorie... en eerlik is oor sy eie situasie.
  - Dis Jesaja se reaksie...
- Maar God sien hoe dit Jesaja tref.
  - En Hy kry nie net lekker daarvoor en los Jesaja om nog so bietjie in sy eie sop te kook nie.
  - God reageer.
  - Hy stuur een van hierdie engele
    - om met 'n kool van die offer altaar aan Jesaja se lippe te raak met die woorde: “Noudat die kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen.”
- God reageer in groot genade as Jesaja hier eerlik oor homself is met niemand anders as Jesus nie.
  - Sien, daardie kool kom van die altaar af.
    - Die diere wat Israel in die tempel moes offer was bedoel as 'n buitelyns skaduwee van Jesus wat eendag geoffer sou word.
  - As Jesaja nederig eerlik erken hoe groot moeilikheid hy het vanweë sy sonde voor God,
    - maak God die offer van Jesus - nog 600jr in die toekoms - ... geldig vir Jesaja in daardie oomblik.
- En God doen nog dieselfde 2000 jr. ná Jesus,
  - as jy dieselfde besef as Jesaja.
  - En Hy doen dit ook in daardie oomblik wat jy nederig eerlik is oor jou situasie voor 'n God wat
    - - geen nie om hoe groot jy probeer dink nie...
    - jy hom steeds heeltemal onderskat.
- As jy nie 'n Christen is nie,
  - is God vir jou waarskynlik nog toe onder die mis...

- maar net soos in die geval van Tafelberg beteken dit nie dat God nie daar is nie.
- Jou vuil klere, lyk dalk nog vir jou skoon.
- En ek hoop Jesaja 6 waai vandag daardie mis so bietjie weg
  - dat jy 'n kykie kan kry van dié God wat so indruk op miljoene mense maak
  - wat nederig hulle harte tot rus bring in die offer van Jesus wat hulle skoonmaak.
- As jy 'n Christen is...
  - Maar jou hoop is min
  - Jou vrae baie
  - sien Hom dan nou weer kraakvars raak in sy glorie op die troon van die heelal.
  - Kyk eerlik na jouself in die lig en sien jou vuil.
  - En staan weer verstom daaroor dat Jesus jou nie los in daardie plek waar
    - jy skaam oor jou gesukkel
    - onseker
    - rigtingloos en met min hoop kop krap nie
  - En hoor dat God se Gees in 'n Vaaldriehoek vol baie groter probleme as in Juda vra: "Wie kan ek stuur?"
    - Vir wie kan ek rigting en opdragte gee in die chaos?
  - En as jy dan antwoord: "Hier is ek, stuur my"
    - Kry jy weer die rigting en die perspektief en die hoop

## Slot

- As die mis baie is om die berg,
  - Jou vrae en sekerheid min

- is dit antwoord dikwels om net weer klein te word voor God en Hom te sien soos Hy is
- Dit gebeur in jou hart as jy soos Jesaja God in sy asemrowende glorie kan raaksien
  - te midde van die probleme van die dag
- en weet dat sy liefde die enigste ding is wat die nodige verandering in jou ...én in ons gemeenskap kan bring.
- Wees weer verstom oor sy Glorie as die Een op die troon
  - Verstom oor sy genade vir jou...
  - Hoor hom roep: "Wie kan ek stuur?"
  - en steek weer jou hand op: "Hier is ek! Stuur my!"
- Daar is dan nuwe lewe en rigting en vrede!
  - Al wag dieselfde uitdagings nog daar buite.

**Amen**

Griffel van Wyk ~ Trinitas ~ 12 April 2015